**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk, Funksionele Skryfwerk en Literatuurstudie)**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

**INSTRUKSIES:**

- AL DRIE afdelings is VERPLIGTEND.
- Beantwoord EEN vraag uit Afdeling A, TWEE vrae uit Afdeling B en EEN vraag uit Afdeling C, soos aangedui.
- Nommer jou antwoorde presies soos die vraestel.
- Werk netjies.
- BESIN en BEPLAN deeglik vooraf en benut die volle tydsduur van die vraestel.

## AFDELING A
## KREATIEWE SKRYFWERK

### VRAAG 1

**INSTRUKSIES**:

Jy het gedurende die afgelope jare in Afrikaansonderrig met skryfwerk oor ? wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

- EEN opdrag van 30 punte moet in Afdeling A gedoen word.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer 250 – 350 woorde wees.
- Skryf die nommer van die vraag boaan neer.
- Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

  ? Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik.
  ? Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het.
  ? Die VORM van die skryfstuk.
  ? Die TAAL, STYL en TRANT wat by die skryfstuk pas.
  ? Bepaal jou by die onderwerp.
  ? Hou by die vereiste lengte.

1.1 Daagliks sterf bekendes om jou, staatsmanne, sangeresse, akteurs en selfs familielede. Jy voel uiters swartgallig hieroor. Jou vriend/in stem egter nie met jou saam nie. Skryf ? stuk waarin jy die volgende standpunt BEREDENEER: **Die stryd teen die dood is waarlik tevergeefs**.

**OF**

1.2 **Ek is oek important**... Dit is die woorde van die bekende digter Peter Snyders. Skryf ? stuk waarin jy die VERHAAL vertel van iemand wat belangrik in jou lewe is. Voorsien jou verhaal van ? treffende titel.

**OF**

1.3 Die bome bot, daar is bloeisels aan die takke, oral waar jy kyk is die natuur besig met vernuwing. Hierdie is ook die tyd vir liefde. Skryf ? stuk waarin jy ? verliefde paartjie BESKRYF. Gee aandag aan hulle handeling, emosies, gesigsuitdrukkinge en gewaarwordings.

**OF**

1.4 **"Soos die geld groei, so groei die sorge"** dis die woorde van Horatius. Skryf ? stuk waarin jy aantoon dat geld nie altyd alles in die lewe is nie en dat die rykes ook probleme ondervind net soos die armes.


**OF**

1.5 Die mens is van nature ? ondankbare wese. Jy het na jouself in die spieël gekyk en is glad nie tevrede met wat jy sien nie. Skryf ? stuk waarin jy FANTASEER oor die veranderinge wat jy aan jou voorkoms en lewe sal aanbring totdat jy in jou oë die persoon is met wie jy tevrede is.

**OF**


1.6 Waaraan dink jy as jy na die volgende prente / illustrasies kyk? Skryf ? skryfstuk oor EEN van die prente en voorsien jou skryfstuk van ? treffende titel. Skryf die nommer van jou keuse ook boaan die skryfstuk neer. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan byvoorbeeld verhalend, beredenerend of bespiegelend wees; dit kan ? opstel, verslag, betoog of artikel wees.

1.6.1



(Uit: ***The Star***, 25 Junie 2003)

1.6.2




(Uit: ***The Star***, 25 Junie 2003)

1.6.3




(Uit: ***The Star***, 9 Julie 2003)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

AFDELING B

**FUNKSIONELE SKRYFWERK**

- TWEE opdragte van 15 punte elk moet in Afdeling B gedoen word.
- EEN opdrag in Vraag 2 en EEN opdrag in Vraag 3.

**VRAAG 2**

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 150 – 200 woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

2.1 Jy moet ? PRAATJIE op televisie lewer. Die onderwerp vir die BETOOG is: **Gesondheid is belangriker as geld**. Skryf die **inhoud van jou betoog** neer.

**OF**

2.2 Jou beste vriend/in het pas Springbokkleure in sport behaal en gaan die land in ? internasionale kompetisie verteenwoordig. Jy is uiters trots op hierdie persoon en reël op die vooraand van die span se vertrek ? afskeidsfunksie vir hulle. Omdat jy jou vriend/in baie goed ken, moet jy die toespraak lewer. Skryf jou TOESPRAAK neer.

**OF**

2.3 Mense ondervind baie probleme en skryf dikwels aan tydskrifte se hulpkolomme om hulp / raad vir hulle probleme te kry. Jy is pas aangestel as raadgewer vir die koerant en het die volgende brief van ? moedelose leser ontvang. VERTEL wat jy in jou rubriek vir hom/haar sal sê.

> Vere maak die voël
>
> Ek is 15 en in graad 10 en my jonger sussie is 13 en in graad 8. Sy begin nou groot word, leen gedurig al my *mod*klere en ons dra boonop dieselfde grootte skoene! Ek gee nie om dat sy my goed partykeer dra nie, maar as sy ouer word gaan sy nog meer goed wil leen. Ons kry genoeg sakgeld sodat sy haar eie goed kan koop en my ma koop ook baie keer vir ons wat ons wil hê. Ons wil nie hieroor baklei nie – toe sê my ma ons moet jou vra.
>
> Uit: ***Vrouekeur***, 23 Februarie 2003

2.4 Dit is die vooraand van ? belangrike funksie in jou lewe. Jy het jou laaste inkopies vir die groot geleentheid gedoen. Al wat oorbly, is om die regte paar skoene vir die geleentheid te vind. Skryf die GESPREK neer wat tussen jou en die verkoopsdame/man plaasvind.

**OF**

2.5 Jy is ? fliekvlooi. Voordat ? rolprent vertoon word, het jy al kaartjies vir die eerste vertoning. Skryf ? RESENSIE oor een van die rolprente wat jy gesien het.

Onthou dat die volgende inligting deel van jou resensie moet wees:

- ? Treffende opskrif
- ? Waardebepaling
- ? Aanbeveling

(15)

**EN**

**VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 80 – 100 woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

3.1 Skryf ? faksnota aan die lede van jul sportklub en herinner hulle aan die kwartaallikse fondsinsamelingspoging. Skryf slegs die INHOUD neer.

**OF**

3.2 Jy is moeg daarvan om altyd jou ouers te soebat vir geld om na funksies te gaan en het saam met ? paar ander maats besluit om julle entrepreneurskap op die proef te stel. Elkeen is ? spesiale taak opgelê waarvan joune reklame is. Ontwerp ? treffende ADVERTENSIE om julle besigheid / (? tuisnywerheid) en produkte te adverteer.

**OF**

3.3 Een van jou vriendinne het onder moeilike omstandighede geboorte geskenk aan ? babaseuntjie. Skryf die INHOUD van die kaartjie wat jy aan haar stuur om haar geluk te wens met die geboorte van haar seun.

(15)

(15x2)=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [60]**

AFDELING C
**LITERATUURSTUDIE**

Hierdie afdeling tel 20 punte.
Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
Die vrae handel onderskeidelik oor ***BOEKET*** (Tony Links e.a.) en ***VERLORE PARADYSE*** (N.J. Snyman).

***BOEKET*** – (Tony Links e.a.)
Beantwoord die kontekstuele vraag OF die paragraaftipe vraag.

**OF**

***VERLORE PARADYSE*** – (N.J. Snyman)
Beantwoord die kontekstuele vraag OF die paragraaftipe vraag.

**VRAAG 4**
**KONTEKSTUELE VRAAG : *BOEKET***

Bestudeer die volgende teksgedeelte en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

***HANDEL*** – (Maarten 'T Hart):

"Je vader is een schurk," zegt hij zacht tegen mij. "Het is mijn vader niet, het is mijn oom". "Dan is je oom een schurk," zegt hij. We gaan. Op de haven zegt oom Adriaan "Voor twee tientjes die hele handel, kinderwagen, box en wieg, bij Jaap Schaap". Als we thuis zijn is het al vreemd donker, de kamp in de werkplaats wordt opgestoken en we werken lang en hard. Oom Adriaan herstelt de beschadigde plaatsen, hij vernist het harmonium en ik bring nieuwe plaatjes aan op de registerknoppen. Samen verwijderen we de riemen van de trappers en brengen we nieuwe riemen aan. Nog voordat mijnheer Brands komt zijn we klaar en sneeuwt het buiten. Als Brands om vijf uur de werkplaas betreedt moet ik voorspelen en terwijl ik speel kijk ik naar de vlokken die voorbij de ramen van die schuur omlaag vallen. Het kunstlicht laat ze vreemd opgloeien, ik kan mij bijna niet concentreren op het spelen, zo mooi is het. "Wat een prachtig instrument, dat is juis wat we zoeken, de koop is gesluiten," zegt Brands. Nu verlaten we het erf opnieuw, het harmonium onder een dekzeil op de bakfiets. We rijden in de richting van het kleine, witte kerkje van die Protestantenbond, het is niet ver van het huis van oom Adriaan. We laden het harmonium af, plaatsen het in de kerk, we staan daarna in het portaal van de kerk en oom Adriaan en mijnheer Brands praten met gedempte stemmen over de prijs. Ik kijk aandachtig naar de langzaam neerdalende sneeuwvlokken. Het is so mooi om ze te zien oplichten als

ze vlak langs een straatlantaarn omlaag vallen. Heb ik dit nooit eerder gezien? Ik moet het toch vaker gezien hebben. Waarom lijkt het me dan mooier dan vroeger, veel mooier. Ik weet waarom het is. Tinus zei "Je oom is een schurk". Ik heb er nooit over nagedacht maar ik weet dat hij gelijk heft. In mij is een vreemd verdriet om deze ontdekking dat evenwel de sneeuvlokken bij een straatlantaarn mooier doet zijn dan anders. Ik kijk maar, ik hoor de zachte stemmen van de beide mannen, van wie er één een schurk is, de gehele dag komt terug, het halen van de Hildebrandt, de manier waarop mijn oom de vrouw het harmonium afhandig heeft gemaakt, en het andere harmonium in het tapgat. Ik hoor hoe Brands en mijn oom het geld tellen, ze tellen tweemaal, mijnheer. Brands sluit de deuren van de kerk, oom Adriaan komt naderbij.

4.1 In r.1 word daar na oom Adriaan as "een schurk" verwys.

4.1.1 Wie uiter die woorde hier? (1)

4.1.2 Verduidelik waarom. (2)

4.2 Wanneer dring dit tot die seun deur dat sy oom ? skurk is? (2)

4.3 Watter aanduiding is daar dat dit winter is? (1)

4.4 4.4.1 Het die verteller enige rol gespeel in sy oom se oneerlike saketransaksies? (1)

4.4.2 Motiveer kortliks jou siening. (2)

4.5 Oom Adriaan noem teenoor die arbeidervrou "Ik moet mij personeel betaal, hier mij neef". Hoeveel het oom Adriaan sy neef betaal? (1)

4.6 Wat is die rede vir die "vreemd verdriet" in r. 32 wat die seun ervaar? (2)

4.7 Haal ? frase aan uit r.7-11 wat toon dat die herstelwerk aan die orrel slegs oppervlakkig was. (1)

4.8 Haal ? woord aan uit r.15-18 wat aandui dat mijnheer Brands beïndruk is met die orrel vir sy kerk. (1)

4.9 "Voor twee tientjes die hele handel" (r.4-5). Oom Adriaan spog hier oor sy kopie. Verduidelik waarom. (2)

4.10 Waarom dink jy praat oom Adriaan en mijnheer Brands met "gedempte" (r.24) en "zachte" (r.34) stemmen? (2)

4.11 Beskou jy oom Adriaan as ? gewetenlose skurk of ? goeie onderhandelaar? Motiveer jou siening. (2)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 5**
**PARAGRAAFTIPE VRAAG : *BOEKET***

5.1 **De mier, de eerbied en de roem** – Anton Koolhaas
Bespreek die toepaslikheid van die verhaal op die mensewêreld in 180-200 woorde deur veral aandag te gee aan die volgende aspekte:

- Mense wat roem najaag
- Wat jy as leser (mens) uit die verhaal kon leer (10)

**EN**

5.2 **Een heer in de trein** – Simon Carmiggelt
Skets die drie komiese situasies wat in die verhaal uitgebeeld word en sê wat jy as leser uit die verhaal kon leer. Die antwoord moet tussen 180 – 200 woorde wees. (10)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 6**
**KONTEKSTUELE VRAAG : *VERLORE PARADYSE* – N.J. Snyman**

**DIE SKERPIOENE –** Paul C Venter

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae.

"Wat het dit met een skerpioen te doen?"
"Ek vertrou jou nie. Jy sal jou as afsukkel en dalk my bakkie omneuk, en straks nog met niks uitkom. Hoor hoe tel daai see op. Dis nie ? plek vir sagte pote nie".
Frannie voel sy gesig gloei.
Sy pa stoot sy vuil diepbord weg en staan op. Hy haak sy vissak van ? draad aan die plafon af en bop deur toe.
"Ek sal vir jou ma een kry. Lat die swernote my maar toesluit ook"
"Pa, asseblief".
"Kry vir jou ? baadjie. Jy kan kyk dat ou Stenekamp my nie bekruip nie. Lyk my hy wil Eerste Minister word, nie kreefspietkop nie".
Frannie staan vinnig op.

Daar is effens mis, maar nie genoeg om die mishoring te laat blaas nie. Dis donkermaan en Frannie moet lank kyk voor hy die swart kolle van drywende seebamboes kan uitmaak. Dis daar waar sy pa met die nette sal wees, want die swartmossel en ander skulpdiere wei tussen seebamboes en hulle is weer die kreef se kos. Frannie staan op die rotse en wag. Die noordwester waai liggies en baie koud. Hy voel dit deur sy baadjie. Dis seker al middernag. Hy wens sy pa wil klaarkry. Die see knal teen die rotse. Die straal van die ligtoring swiep telkens verby en verander wolkbanke in silwer grotte.

Frannie voel nie lekker nie. Hy bly sy ma, geel van die bleekheid, voor sy geestesoog sien. En nou is daar nog die dinge wat sy pa aan die etenstafel gesê het.

Dinge wat waar is. ? Growwe geluid: die gedoef van die seebakkie se aanhangmotor.

Frannie kyk stip en dan sien hy die bewegende vlek van sy pa se oliejas. Oomblikke later skraap die bodem van die bakkie teen ? rots en Frannie gaan nader om te help uitsleep.

"Ons los hom hier," sê sy pa gedemp. "Ek sal hom môre kom haal".

"Hoeveel het pa gekry?"

"Vier bulle. In die net met die viskoppe. Die gate hier rond is vol kreef. Dit gaan ? mooi seisoen wees".

6.1 6.1.1 Gee een moontlike rede waarom die woord "skerpioen" (r.1) gebruik word en nie kreef nie. (1)

6.1.2 Elders in die leesstuk word ? ander woord gebruik wat ook na kreef verwys. Skryf hierdie woord neer. (1)

6.2 Waarom gloei Frannie se gesig in r.5? (1)

6.3 Waarom dink jy het Frannie se ma vir hom gevra om vir haar ? "skerpioen" te kry? (Gee twee redes). (2)

6.4 Skryf TWEE woorde uit r.14-18 neer waardeur ? atmosfeer van onheil geskep word. (2)

6.5 Wat is die rede vir die oop spasie tussen reëls 13 en 14? (1)

6.6 Na wie verwys die "swernote" in r.8? (1)

6.7 Verduidelik die volgende gedeelte in reëls 24-25 "Hy bly sy ma, geel van die bleekheid, voor sy geestesoog sien". (2)

6.8 Wat bedoel Frannie se pa se hy in r.36 sê "Dit gaan ? mooi seisoen wees?" (1)

6.9 Tot watter besef kom Frannie in r.27? (2)

6.10 Watter woord uit r.28-33 wys daarop dat hulle in fluisterstemme praat? (1)

6.11 6.11.1 Is daar ? verband tussen hierdie kortverhaal en die ander kortverhale wat jy behandel het uit die bundel *Verlore Paradyse*? (1)

6.11.2 Motiveer jou siening. (2)

6.12 Met watter karakter het jy die meeste simpatie: Frannie, sy ma, of sy pa? Motiveer jou keuse. (2)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 7**
**PARAGRAAFTIPE VRAAG – *VERLORE PARADYSE***

7.1 ***TERUGKEER VAN 'N SOLDAAT*** – Dolf van Niekerk

Bespreek in 180-200 woorde wat werklik met die moeder se seun gebeur het; hoe die lesers weet dat die moeder wel daaroor ingelig is, en haar eienaardige optrede elke Woensdag. (10)

7.2 ***DIE INVLOED*** – Pirow Bekker

"Wanneer ? jongman ? meisie in sy hart liefgekry het en sy sy liefde boonop beantwoord, is daar min dinge wat hom van haar af sal weghou". Bespreek in 180 – 200 woorde hoe hierdie stelling van toepassing gemaak kan word op die verhouding tussen Wenning en Milla deur te verwys na die volgende aspekte:

- Wenning en Milla se liefdesverhouding
- Die invloed wat Hilda uitoefen op hul verhouding
- Die slot en jou eie mening daaroor (10)

**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**